ALLE GRAPPIES OP ’n STOKKIE

ALLE GRAPPIES OP ’n STOKKIE

301 SKOON LEKKERLAG GRAPPE VIR JOU PLESIER

MARTYN DEMAS

CruGuru

ALLE GRAPPIES OP ’n STOKKIE

Kopiereg © 2009 MARTYN DEMAS

ISBN: 978-1-920265-89-2

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Uitgegee deur CruGuru in 2009

www.cruguru.com

Voorwoord

Oor die jare heen het ek al baie uitstekende grappies gehoor, maar het meeste van hulle weer baie vinnig vergeet. Op ’n stadium het ek besluit om hulle neer te skryf so gou ek kon – en hier is die resultaat: 301 lekkerlag, skoon grappe wat ek met jou wil deel.

Martyn Demas
Augustus 2009

Inhoudsopgawe

1. Medies 1
2. Huis en Huwelik 7
3. Werk en Besigheid 17
4. In Uniform 23
5. Skool 28
6. Kinders 37
7. Sport 40
8. Restaurant 44
9. Dobbel 48
10. Kroegvlieë 51
11. Studeer 55
12. Boerdery en Plaaslewe 60
13. Die Dom Boksers 63
14. Blondines 73
15. Kerksake 78
16. Ander 81
17. Dol Definisies 86

1. Medies

1 SNORKERY

Pasiënt: “Dokter, help my asseblief om my snorkery stop te sit.”

Dokter: “Hoekom? Pla dit jou vrou?”

Pasiënt: “Ja dokter, en die res van die gemeente ook.”

2 GRYS HARE

Klant: “Het u iets vir grys hare?”

Apteker: “Niks nie, mevrou, behalwe die grootste respek.”

3 PYNLIK

“My kop is seer, my lyf is seer en my arm is seer, en my rug pyn ook nog,” kla die pasiënt.

Die dokter beveel die pasiënt om op die bed te gaan sit. Die dokter neem ’n hamertjie en kap die pasiënt op die knie.

“Eina!” gil die pasiënt. “Nou pyn my knie ook!”

4 DOKTERSTAS

’n Dokter kom die hospitaalsaal binne en vra die pasiënt se man om buite te wag terwyl hy haar ondersoek. ’n Paar oomblikke later kom die dokter uit en vra die verpleegster of sy vir hom ’n tang in die hande kan

kry. Die verpleegster oorhandig 'n tang aan die dokter, en hy is terug die saal in. Twee minute later kom hy weer uit en vra of die verpleegster vir hom 'n skroewedraaier in die hande kan kry. Die verpleegster oorhandig 'n skroewedraaier aan die dokter, en hy is terug die saal in, met 'n baie bekommerde man wat hom agternastaar. Toe die dokter 'n derde keer uitkom en vra vir 'n hamer, spring die man op en dring daarop aan om te weet wat fout is met sy vrou.

"Ek weet nog nie," sê die dokter. "Ek sukkel nog steeds om my dokterstas oop te kry."

5 TANDETREK

Pasiënt: "Hoeveel gaan dit kos om hierdie tand te laat trek?"

Tandarts: "R600."

Pasiënt: "R600? Net vir 'n paar minute se werk?"

Tandarts: "Wel, ek kan dit baie stadig trek as jy wil."

6 HONDERD JAAR

Pasiënt: "Dokter, wat moet ek doen om honderd jaar oud te word?"

Dokter: "Hou op drink, rook en met vroue lol!"

Pasiënt: "Sal ek dit dan tot honderd maak?"

Dokter: "Miskien nie, maar dit gaan vir jou so voel!"

7 ONSIGBAAR

Ontvangsdame: "Dokter, daar is 'n onsigbare man in die wagkamer."

Dokter: "Sê vir hom ek kan hom nie nou sien nie."

8 IGNOREER

Die pasiënt kom by die dokter se spreekkamer ingeloop.

Pasiënt: "Dokter, ek wil weet wat is fout met my. Die mense ignoreer my!"

Dokter: "Volgende!"

9 KLAVIERSPEEL

Die dokter kom besoek een van sy pasiënte in die hospitaal. Die man het 'n operasie aan beide hande ondergaan.

"Dokter!" roep die man en hou sy swaar verbinde hande dramaties in die lug. "Sal ek kan klavierspeel as hierdie verbande afgekom het?"

"Ja," sê die dokter. "Ek kan nie sien dat daar 'n probleem sal wees nie."

"Dis wonderlik!" sê die man. "Ek kon nog nooit voorheen klavier speel nie."

10 VANTEVORE

Dokter: "Het jy dit al van tevore gehad?"

Pasiënt: "Ja, dokter."

Dokter: "Wel, nou het jy dit weer."

11 STERK DRANK

Nadat hy die pasiënt deeglik ondersoek het, verklaar die dokter: "Meneer van der Merwe, ek kan regtig nie die oorsaak van jou klagte vind nie. Ek sou dink dis as gevolg van te veel sterk drank."

"In daardie geval," sê die pasiënt, "sal ek terugkom wanneer jy nugter is."

12 HUMEURIG

Pasiënt: "Dokter, jy moet my asseblief help. Ek ondervind so baie stres, ek verloor aanmekaar my humeur met mense."

Dokter: "Vertel my meer van jou probleem."

Pasiënt: "Ek het jou nou net vertel, jou moroon!"

13 MIN PILLE

Die man kom tuis van die dokter af en lyk baie bedremmeld. Sy vrou vra: "Wat is verkeerd?"

"Die dokter sê ek moet die res van my lewe elke dag een van hierdie pille drink."

"Dis nie so erg nie," paai sy vrou. "Baie mense drink elke dag een of ander pil."

“Maar hy het vir my net 10 pille gegee!”

14 Iemand onder die Bed

Koos gaan na die sielkundige toe. “Dokter, ek het ’n probleem. Elke aand as ek gaan slaap, dan voel dit vir my daar is iemand onder my bed. Ek klim uit die bed, kruip onder die bed in om te kyk, en net sodra ek onder die bed is, dan dink ek weer daar is iemand bo-op my bed. Dan kyk ek weer bo-op, en so gaan dit die hele nag aan. Ek sal mal raak – ek kry net geen slaap in nie!”

“Ek sal jou genees,” sê die sielkundige. “Dit sal egter lank neem – twee jaar met drie besoeke per week.”

“Nou hoeveel gaan dit my kos?” vra Koos.

“R250 per besoek.”

“Ek sal eers daaroor gaan dink,” sê Koos.

Koos het nooit weer na die sielkundige teruggegaan nie. Ses maande later loop hulle mekaar in die straat raak.

“Hoekom het jy nooit teruggekom nie?” vra die sielkundige.

“Vir R250 per besoek? ’n Kroegman het my verniet genees!”

“Is dit so? Hoe het hy dit reggekry?”

“Hy het voorgestel ek moet die bed se pote afsaag.”

15 Ander Vrou

Dokter: “Daar is geen rede om bekommerd te wees oor jou vrou nie – jy sal ’n ander vrou hê as sy uit die hospitaal uit kom.”

Man: “Maar wat as sy uitvind?”

16 Weggooi

Anna aan haar vriendin: “Marie, hoekom gooi jy jou nuwe elektroniese skaal weg?”

Marie: “Wel, die dokter het gesê ek moet ontslae raak van al die klein goedjies wat my irriteer.”

17 BLOU-OOG

Koos kom met 'n blou oog en kneusplekke op sy gesig by die buite-pasiënte afdeling van 'n hospitaal aan.

Die klerk begin die gewone vorms invul. "Getroud?" vra die klerk.

"Nee," antwoord Koos verontwaardig. "Motorongeluk."

18 HOND

"Dokter, ek voel soos 'n hond!"

"Sit!"

19 BAIE SIEK PASIËNT

'n Sekere geneesheer het beroemd geword omdat hy beweer het dat hy kon sien wat is fout met sy pasiënt deur net in die pasiënt se oog te kyk. Gert het ook van hom gehoor en het besluit om hom te besoek omdat hy nie te goed gevoel het nie.

Dokter: "Dit lyk nie goed nie. Jy ly aan 'n vergrote hart, dubbele longontsteking, swak niere, knoop in die derm…"

Pasiënt: "Wag, wag dokter, stadig asseblief, jy is besig om by my glasoog in te kyk."

20 VOEL BETER

Uitasem kom Koos op die vyfde vloer aan en gaan by 'n deur in. Hy wag by die ontvangs en dan word hy na 'n kamer vergesel.

"Dokter," vra Koos, "wat moet ek doen om beter te voel?"

"Eet minder en verloor 20 kilogram. Hou op drink en rook. En laastens, gaan sien tog 'n oogkundige."

"'n Oogkundige, hoekom?"

"Want dan sal jy die kennisgewing op my deur kan lees. Ek is 'n argitek – die dokter is op die eerste vloer."

21 TANDEVLOS

Jannie se ma neem hom tandarts toe. Die tandarts kyk in Jannie se mond en vra: “Jannie, het jy die tandevlos wat ek laas keer vir jou gegee het gereeld gebruik?”

“Ja, dokter.”

“Nou hoekom is dit dan so vuil tussen jou tande?”

“Wel, dokter, ek het dit gereeld gebruik om my vlieër mee te vlieg.”

22 SKILLE

Dokter: “As jy regtig wil gesond word, moet jy net skille van vrugte eet. Wat is jou geliefkoosde vrug?”

Petro: “Kokosneut.”

23 WHISKY

Karel gaan tandarts toe, maar hy is so op sy senuwees dat hy nie eens sy mond vir die tandarts wil oopmaak nie. “Kom ek gee jou ’n dop whisky om van jou vrees ontslae te raak,” stel die tandarts voor. Karel is baie ingenome met hierdie idee en hy slaan die glas whisky weg.

Karel meen dit sal egter nog ’n dop vat om sy vrees weg te neem en die tandarts gee hom maar nog een. Net toe die tandarts aan hom wil begin werk, grom Karel: “Bewaar die een se siel wat naby aan my tande kom!”

24 ELEKTRISITEIT

“Dokter, ek voel soos ’n elektriese draad!”

“Dis skokkend!”

25 SEERKRY

Tandarts: “Kom, wees nou rustig, ek gaan jou nie seermaak nie.”

Nuwe pasiënt: “Sê jy! Ek weet van – ek is self ’n tandarts!”